

HEILIGDOM IN GEBRUIK GENEEM

Van ons Ou Testament redaksie

SINAIBERG. - Die Israeliete het gister, 'n jaar nadat hulle uit Egipte weggetrek het, hulle heiligdom met gewyde plegtigheid in gebruik geneem.

Pas nadat die Israelitiese leier, Moses seun van Amram, 'n kort wydingsrede gelewer het, het 'n wolk die heiligdom oordek. Die magtige teenwoordigheid van die Here, die God van Israel, het toe die heiligdom gevul.

Die uitdagende taak om die heiligdom te maak, is enkele maande gelede begin deur 'n hele span spesialisvakmanne onder die bekwame leiding van Besaleël seun van Uri en Oholiab seun van Agisamak. Hulle het die opdrag gehad om, aan die hand van enkele riglyne wat die Here aan Moses gegee het, die hele heiligdom te ontwerp en te maak: die verbondsark met sy versoendeksel, die voorhangsel, die tafel vir die offerbrood, die wierookaltaar en brandofferaltaar, die bronswaskom, talle heilige voorwerpe, die tent van ontmoeting waarin die heilige voorwerpe gehuisves word, en selfs die klere van die priesters.

In sy wydingsrede het Moses gesê hy het enkele dae gelede, toe die werk voltooi is, alles geïnspekteer, en hy is hoogs beïndruk met die puik vakmanskap en klem op detail. Hy het die vakmanne bedank vir hulle toegewyde werk, en ook 'n besondere dankwoord teenoor die volk uitgespreek vir hulle ruim bydraes, sodat die ganse heiligdom sonder 'n sent skuld voltooi kon word.

Moses het gesê dit is vir hom ondenkbaar dat hulle sonder God se teenwoordigheid en leiding selfs daaraan kan dink om voort te gaan. Juis daarom is die inwyding van die tabernakel vir hom van besondere betekenis.

- Jy kan meer van hierdie inwyding lees in [Eks. 40](#).

Evangelis het nou sy oog op Europa

Van ons Nuwe Testament redaksie

TROAS. - Die bekende sendeling en evangelis Paulus van Tarsus het gistermiddag op 'n nuuskonferensie hier aangekondig dat hy voornemens is om hom voortaan in sy sendingwerk op Europa toe te spits.

Paulus het gesê sy plan was eintlik om 'n sendingreis deur Asië te onderneem. "Ons was oorgehaal om eers Misië en dan Bitinië te besoek, maar die Heilige Gees het anders besluit. Ek het baie duidelike leiding van die Gees gekry om dit nie in hierdie stadium te doen nie, en ons was verplig om op die grens van Misië om te draai," het Paulus gesê.

Volgens Paulus het hy 'n baie sterk roeping ontvang om die evangelie in Masedonië te gaan verkondig. Hoewel dit nie heeltemal sy beplanning is nie, sien hy nou baie daarna uit om die boodskap van Jesus Christus in Griekeland te verkondig. "Ek wil veral baie graag met die wysgere in Atene gesels," het hy gesê. "En dan, eendag, hoop ek om ook nog by Rome uit te kom met die goeie nuus, mits God dit natuurlik in sy wysheid so beskik."

Paulus word op sy sending-uitreiking vergesel deur twee medewerkers, Silas en Timoteus. Hulle beoog om hulle eerste uitreik op Europese bodem in die stad Filippi te doen.

- Lees hoedat die Heilige Gees Paulus na Europa gelei het in [Hand. 16:6-15](#).

Die Bybelkoerant

Die Gees se werk

Sonder die wedergeboorte en die oortuigingswerk van die Heilige Gees in ons harte sou ons nooit Christus se verlossingswerk aanvaar en geglo het nie. En sonder sy leiding sou ons, koersloos en blind, vergeefs die pad agter die Here Jesus aan gesoek het. Hy het immers gekom om ons in die hele waarheid te lei, soos die Here belof het in [Joh. 16:13](#).

In die woestyn het die Gees van God deur 'n wolkkolom die volk gelei. Sedert Pinkster woon Hy in elke gelowige. Ons liggame is nou die tabernakel van die Heilige Gees ([1 Kor. 6:19,20](#)).

Paulus het uitgevind dat die Gees soms anders lei as wat ons beplan. En daarmee moet elke gelowige deeglik rekening hou. Dit sal eers werklik Pinkster in jou lewe word as jy jou fyn instel, nie net om Hom te hoor nie, maar veral om Hom te gehoorsaam.

Gal 5:1-12 Deur God verlos ... om vry te wees

[Galasiërs 4:3-3-11](#) en [5:1-12](#)

Eergisteraand het ons gelees hoe Paulus met die leiers in Jerusalem gaan vergader het en hulle gehelp het om te verstaan dat Christenskap nie beteken jy moet 'n Jood word nie. Hy vertel dat daar teenkanting teen hierdie insig van hom en Barnabas was, en dan draai hy nie doekies daaroor om nie (Gal 2:4): Hulle werklike doel was om ons lewe in die vryheid wat Christus Jesus vir ons verwerf het, dop te hou sodat hulle weer slawe van ons kon maak. In die woorde van ons teksvers (5:1): *Christus het ons vry gemaak om werklik vry te wees.*

Die begrip “om vry te wees” wat Paulus hier gebruik, het 'n baie definitiewe

betekenis in sy tyd gehad. Want in sy dae het jy twee soorte mense gekry: die vryes, en die slawe. En terwyl die vryes talle regte in die stad gehad het, ook die reg om sy stem te laat hoor in vergaderings, het die slawe geen regte gehad nie. 'n Slaaf was nie sy eie baas nie, kon nie sy eie besluite neem nie, het geen stem gehad nie. Hy moes net bevele gehoorsaam en maak soos sy baas sê, hoe onbillik of onregverdig die bevele ook al was. En nou sê Paulus: in die godsdienstige lewe kry jy ook hierdie twee soorte mense: die vryes en die slawe. Die Galasiërs, sê hy in 4:8, was ook slawe voordat hulle tot geloof gekom het: slawe van nikswerd afgode. Maar toe het die Here Jesus hulle verlos, hulle vry gemaak, vry van die houvas van die sonde, vry van die greep van die Bose oor hulle lewens. Nou is hulle nie meer slawe nie, maar kinders van God (4:7).

Die tragedie waaroor hierdie hele brief eintlik gaan, is dat die Galasiërs hierdie nuutgevonde vryheid prysgegee het. Die Galasiërs het nie gelewe soos vry mense nie. Hulle lewenswyse, hulle ingesteldheid het nie gepas by hulle status as kinders van God, as vrygekooptes nie. Hulle is soos slawe wat vrygekoop is, maar telkens weer teruggaan en die slawekettings om hulle vasboei. Hulle is soos slawe wat nie hulle vryheid verstaan nie, en daarom weier om afskeid van die boeie te neem.

Wat was dan verkeerd? Paulus sê hulle het bloot die een slawerny met 'n ander een verruil. Waar hulle vroeër slawe van nuttelose afgode te wees, het hulle nou slawe van die wet geword. Hoor wat skryf Paulus: *Maar noudat julle Hom leer ken het, of liever, noudat Hy julle ken, hoe val julle dan nou weer terug na daardie minderwaardige en armsalige wettiese godsdienstige reëls? Wil julle van voor af weer slawe daarvan wees? Julle hou aan om besondere dae en maande, feesgeleenthede en jare te vier. Ek vrees my harde werk aan julle was dalk tevergeefs ...* (4:9-11)

Het jy gehoor wat Paulus hier sê? Hy vrees dat sy harde werk aan hulle dalk tevergeefs was! Hy vrees dat hulle verlore kan gaan! Nie omdat hulle weer in ongeloof teruggeval het nie, maar omdat hulle weier om soos vry mense, soos Godskinders, te lewe! Omdat hulle nie die vryheid wat God hulle geskenk het deur die verlossing in Christus Jesus vir hulleself toe-eien nie! Omdat hulle alte godsdienstig was! Omdat hulle allerhande godsdienstige dae en maande, feesgeleenthede en jare gevier het!

In jou goed-bedoelde godsdienstige ywer kan jy 'n armsalige slaaf van jou

godsdien word. Dan is jy nie langer vry nie, maar vasgevang in jou godsdienstige reëls en regulasies: jy mag nie dit en jy moet dat. Ek onthou hoe ek as kind nie op Sondag fiets mag gery het nie, en ook nie geswem het of bal geskop het nie. Ons mag nie kaart gespeel het of speletjies soos Ludo of Monopoly waar daar 'n dobbelsteentjie gebruik is nie - ons mag wel skaak en dambord gespeel het, want daar was nie geluk op die spel nie. Kan jy dink dat my pa - hy is nogal 'n predikant - só verspot kon wees?

'n Diaken uit my eerste gemeente het baie sterk oor rook en drink gevoel. Hy het een aand sy vrou uitgeneem vir ete en toe 'n glasie wyn bestel, en sy gewete het hom só gekwel dat hy ná die vakansie dit by my kom bely het. Hy het vir my gesê dit walg hom om die motor van die lidmaat wat 'n sigaret-verteenwoordiger is, Sondag voor die kerk te sien staan. In sy ywer vir die heiligheid van God het hy homself só vasgewikkel in 'n klomp selfgemaakte wettiese reëls dat die vryheid van Christus vir hom niks beteken het nie. In plaas daarvan dat hy soos 'n koningskind in vreugde voor sy hemelse Vader lewe, sit hy soos 'n slaaf en tob. Paulus sou sê hy trek 'n streep deur die verlossing van Christus, want hy probeer met die nakom van allerhande reëls vir God behaag. Hoor hoe skerp stel hy dit in 5:4: *Julle wat van julle sonde vrygespreek wil word deur die wet te onderhou, julle het julle band met Christus verbreek, julle het die genade van God verbeur.*

Broer en suster, ons kan nie met die nakom van 'n klomp reëls in God se goeie boekies kom nie, en ons hoef ook nie! Niks wat ons doen, kan ons red nie. Ons is tog klaar gered! Jesus Christus het ons gered toe Hy aan die kruis vir ons gesterf het! Ons word vrygespreek, nie omdat ons allerhande goed doen nie, maar omdat ons in die geloof aan Christus vashou. Hý het ons vryheid voor God verwerf.

Dit is natuurlik nie 'n nuwe tema wat Paulus hier aanhaal nie. Dis die boodskap van die ganse Bybel! In Lev 26:13 lees ons bv: *Ek is die Here julle God wat julle uit Egipte laat trek het sodat julle nie meer sy slawe hoef te wees nie. Ek het die juk wat julle moes dra, gebreek en julle vry gemaak.* Die 1933-vertaling vertaal hier: "Ek het julle regop laat loop." Ons is vry om regop te loop! Nie langer 'n slaaf nie, nie langer bevrees, skaam, bang nie, maar regop, fier voor God en die mense. Ons is immers koningskinders, losgekoop uit die kloue van die bose en die mag van die sonde deur die bloed van ons Here Jesus!

Kom ons lewe dan in oorgawe voluit! Ons is vry, werklik vry. Dít is die evangelie.

Amen.

Gal 2:11-14 Deur God verlos ... om by die waarheid te bly

[Galasiërs 2:11-14](#)

Dis eintlik 'n baie interessante en eg-menslike stuk geskiedenis wat hier beskryf word. Petrus was die eerste apostel wat werklik tot die ontdekking gekom het dat nie-Jode, net soos Jode, volwaardige lede van Christus se kerk op aarde kan wees. Daarvan lees ons in Hand 10 en 11. God self moes hom met 'n openbaring as 't ware tot bekering bring oor hierdie saak. Dis ook hy wat op die vergadering in Jerusalem die deurslag gegee het sodat die ander na Paulus en Barnabas geluister het. Maar by 'n latere geleentheid val Petrus weer oor hierdie einste saak vas. Paulus sê sommer reguit dat hy gehuigel het en van die reguit pad van die evangeliese waarheid afgewyk het.

'n Mens kan amper nie glo dat Petrus, van alle mense, só 'n fout kon maak nie. Petrus, die rotsman, op wie se belydenis die kerk gebou is! Kan dit dan moontlik wees, wil ons uitroep.

Hier sien ons 'n baie belangrike waarheid: Sekere dinge is nou maar eenmaal só diep in ons in gegraveer deur ons opvoeding, of is deur jare só in ons harte vertroetel, dat 'n mens telkens maar weer daarvoor tot bekering moet kom. Dit kan so maklik gebeur dat jy glo jy het met hart en siel van 'n sondige standpunt of 'n sondige gewoonte afgesien, net om later maar weer te ontdek dat jy nog steeds met dieselfde probleem worstel. Soos Petrus, wat hier in Antiogië struikel oor 'n hekkie wat hy, so het hy waarskynlik gedink, lankal oorgesteek het.

Die verleiding van die sonde is nie iets waarmee ons ooit klaar is nie. Dikwels, in 'n onbewaakte oomblik, slaan die versoeking toe, en kan dit maklik met jou

gebeur soos met Petrus dat jy gly.

Paulus tree hier baie sterk op, en wys Petrus daar voor almal tereg. 'n Mens sou kon sê Paulus moes Petrus eerder eenkant geneem het en hom waar hulle alleen is, reggehelp het. Maar dit wat verkeerd was, het nie net vir Petrus geraak nie. Dit het die hele gemeente geraak, en daarom was daar nie 'n ander uitweg nie. Paulus het gesien dat die waarheid van die evangelie in gedrang is, en daarom moes hy streng optree.

Die maklikste sou sekerlik wees om stil te bly. Die maklikste sou wees om te redeneer: Dis nie my besigheid nie. Maar die bloed van ons Here Jesus bind ons aan mekaar vas, maak ons vir mekaar verantwoordelik, vra dat ons moet omsien na mekaar, mekaar moet help om by die waarheid te bly. Daarom swyg Paulus nie.

In die Hebreër-brief kom die skrywer telkens hierop terug dat ons aan mekaar verbind is, dat ons verantwoordelik is vir mekaar en vir mekaar sorg moet dra:

- Heb 3:13 Maar solank daar nog 'n "vandag" is, moet julle mekaar elke dag aanspoor sodat niemand van julle deur die misleiding van die sonde verhard word nie.
- Heb 10:24 Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade.
- Heb 10:25 Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom.
- Heb 12:15 Sorg dat niemand van die genade van God afvallig word nie.
- Heb 12:16 Sorg ook dat niemand sedeloos en goddeloos lewe nie, soos Esau wat vir een maaltyd sy eersgeboortereg verkoop het.

Miskien is dit die rede waarom ons land so vinnig in die moeras van sedelike en morele verval insink: omdat ons nie na mekaar omsien nie. Omdat ouers nie genoeg moeite met hulle kinders maak nie. Omdat jongmense nie na mekaar omsien nie. Omdat mense ander pad kyk as die sonde hier langs hulle voort woeker.

- As my kind nie lus het om kerk toe te kom nie, los ek hom, want ek is nie

lus vir baklei nie.

- As my vriende 'n wegbreek-naweek saam beplan en hulle nie voorsorg tref vir die vlees nie, soos die Bybel sê, dan bly ek maar stil. Dis immers hulle lewe.
- As my getroude kollega 'n verhouding aanknoop met die sekretaresse, kyk ek maar ander pad. Of as die manne 'n bietjie plesier het ná die wedstryd, is dit hulle saak.
- As die paartjie in die woonstel langsaan saam woon sonder dat hulle getroud is, bly ek maar stil.
- As my vriend 'n skandalige loon aan sy werkers betaal, sê ek niks.

Ek is bevrees, ons het so op onself ingestel geraak dat ander mense net nie meer vir ons saak maak nie. Ons volg die weg van die minste weerstand. Die Bybel wys ons vanaand daarop: Ons mag nie diegene om ons vergeet en agter laat nie. Ons is verantwoordelik om mekaar te help om op die regte pad te bly, soos Paulus vir Petrus hier gehelp het.

Paulus vertel nie vir ons wat die uiteinde van die saak was nie. Klaarblyklik is die saak net daar opgelos, sonder dat dit 'n breuk tussen die twee groot apostels veroorsaak het. Want Petrus was nie te groot en te belangrik om foute te maak nie. Daarom kon hy later in een van sy briewe met groot agting en deernis van sy kollega en vriend Paulus skryf (2 Pet 3:15,16: "En beskou die geduld wat ons Here met ons het as geleentheid om gered te word. So het ons geliefde broer Paulus immers ook met die wysheid wat aan hom gegee is, aan julle geskrywe. Hy skryf dit ook in al sy briewe waarin hy oor hierdie saak handel.")

Broer en suster, God het ons verlos, nie net sodat ons hemel toe kan gaan nie. Hy het ons aan mekaar verbind, sodat ons mekaar kan help om agter Hom aan te stap, sodat ons na mekaar kan omsien. Kom ons doen dit dan, nie in 'n gees van veroordeling en foutvinderigheid nie, maar in liefde en besorgdheid vir mekaar en vir die eer van die Here.

Amen.

Gal 2:1-10 Deur God verlos ... saam met ander

[Galasiërs 2:1-10](#)

Sondag het ons gesien dat God ons verlos het sodat ons nuwe mense kan wees. Ons het gesê Christus het nie net vir ons sondes gesterf nie, maar ook vir ons sondigheid, ons sondige geaardheid, sodat ons regtig nuut kan word.

Aan mekaar verbind

Die feit dat ons nuut geword het, het natuurlik implikasies vir ons hele lewe. Een van hierdie implikasies is dat die Here ons nie net aan Homself vasbind as Hy ons nuut maak nie, maar dat Hy ons ook aan mekaar vasbind. Ons is nie alleen God se kinders op hierdie aarde nie; ons is dit saam met ander. En daarom kan ons ook nie elkeen maak net soos ons wil, elkeen sy eie koers inbeur sonder om die ander kinders van God om ons in ag te neem nie.

Presies dit is wat hierdie Bybelgedeelte ons wil leer. Die apostel Paulus vertel hier hoedat hy, gedring deur 'n openbaring van God, na Jerusalem gegaan het. Die Heilige Gees het hom nie toegelaat om langer in isolasie van die gemeente in Jerusalem sy werk voort te sit nie. Hoekom nie? Omdat God hom nodig gehad het om belangrike insigte oor die evangelie met die Christene in Jerusalem te deel.

Nuwe perspektiewe

Paulus het, uit die aard van sy bediening van die evangelie aan nie-Jode, baie sterk onder die indruk gekom van die radikale breuk wat die Christendom met die Joodse godsdiens gemaak het. Paulus het ontdek: jy hoef nie eers 'n Jood te word voordat jy 'n Christen kan wees nie. Ook nie-Jode, so het hy gesien, word deur Gods genade gered, ten spyte van die feit dat hulle nie besny is nie. Maar in Jerusalem het hulle dit nog nie goed verstaan nie, omdat daar in Jerusalem eintlik nie Christene was wat nie ook Jode was nie. Almal in die gemeente in Jerusalem was Jode. En daarom het hulle aanvaar dat, om 'n Christen te kan wees, jy eers 'n Jood moet word, of ten minste jou laat besny en die Joodse wette nakom.

Omdat Paulus in ander omstandighede gewerk het, onder 'n gemeenskap wat hoofsaaklik uit nie-Jode bestaan het, het hy tot die ontdekking gekom dat die Joodse wette 'n onnodige bagasie is om saam te sleep; trouens, dit kan selfs jou vaste vertrouwe op Christus alleen in die wiele ry (ons gaan DV Woensdagaand weer hierby uitkom). Daarom stuur God hom na Jerusalem, sodat die gelowiges daar ook hierdie nuwe vryheid wat Christus gebring het, kan ontdek.

Paulus kon seker gesê het dis nie sy besigheid as die Christene in Jerusalem die spoor byster is nie. Maar omdat hulle deur hulle liefde vir die Here Jesus aan mekaar vasgebind is, doen hy dit nie; gaan worstel hy en Barnabas saam met hulle oor wat die waarheid van die evangelie presies beteken.

Mekaar nodig

Ek wonder of ons altyd goed begryp dat ons saam met ander agter Christus moet aanloop. Dat ons mekaar nodig het om uiteindelik by die waarheid uit te kom: die waarheid van God se wil vir ons vandag, hier en nou. Te lank het ons in SA in isolasie geleef, die rug gekeer op ander en gedink ons het niemand nodig nie. Ons sal self regkom, dankie. Toe die hele wêreld se kerke met ons praat oor ons regverdiging van apartheid, het ons eenvoudig die skouers opgetrek en gesê hulle weet nie waarvan hulle praat nie. Maar te lank het ons ook geleef in isolasie van die ander Christene in ons land, mense wat in ander omstandighede as ons leef, en daarom anders na die evangelie kyk, en ander waarhede oor God se wil vir ons ontdek. Enige iemand wat al deel gehad het aan 'n Bybelstudiegroep, sal weet hoe wonderlik dit is om te hoor wat God aan die ander lede in die groep openbaar, dinge wat ek misgekyk het. Maar saam met ander verstaan ons 'n groter stuk van die waarheid. Dáárom is dit ook belangrik dat ons ons Engelse en bruin en swart broers en susters die hand moet gee. Ons het hulle nodig. Hulle het ons nodig. Net só sal ons helder en duidelik hoor wat God se wil vir ons in SA is.

'n Voorreg

Daar is nog iets wat ons in hierdie gedeelte moet raaksien, en dit is die gesindheid waarmee die apostel Paulus sy Christenskap uitgeleef het. Ek kry dikwels die idee ons dink ons bewys God 'n guns om in Hom te glo. En as ons nog iets vir Hom doen, is ons éérs in ons skik met onself. Hoor wat sê Paulus in hierdie gedeelte (vs 9): “Toe hulle dan ingesien het dat God my hierdie voorreg gegee het ...” Paulus het nie sy bediening as 'n las gesien, 'n werk wat hy moes

doen nie. Vir Hom was dit 'n voorreg, 'n guns, staan dit letterlik hier in die Grieks, 'n guns wat God aan hom bewys dat hy deel mag wees van God se werk op aarde.

Dáárom dat hy moeite doen, al die pad van Antiochië af kom om sy broers en susters in Jerusalem te ontmoet, hulle die hand te reik, en saam met hulle oor die wil van God te worstel. Want as jy begryp dat dit 'n wonder-genade is, 'n voorreg, om vir God te mag werk, dan sê jy nie: "As hulle wil weet wat ek oor hierdie saak dink, moet hulle na my toe kom nie." Nee, as God se wil belangrik is, as Hý belangrik is, dryf sy liefde jou uit na jou mede-gelowiges, is geen moeite te veel nie; trouens, is dit nie 'n klomp moeite om te worstel met ander om by die waarheid uit te kom nie; nee, is dit 'n voorreg.

Mag God tog deur sy Gees ons oë oopmaak vir die wonderlike voorreg om sy kinders te mag wees. En mag Hy ons oë daarvoor oopmaak dat ons mekaar nodig het, sodat ons mekaar kan help om saam by die waarheid van die evangelie uit te kom.

Amen.

Gal 1:15-17 Deur God verlos om met 'n doel te leef

[Gal 1:11-24](#)

Paulus was nie 'n man wat kon sit en niksdoen nie. Hy het nie 'n lui haar op sy kop gehad nie. Hy het sy hele lewe lank, in alles wat hy gedoen het, voluit gegaan vir 'n saak. Daarom was hy op pad Damaskus toe (Hand 9), want dit was nie vir hom genoeg om net in Jerusalem die gelowiges te vervolg nie.

Op pad na Damaskus ontmoet hy die Here Jesus, kom hy tot bekering en breek 'n totaal nuwe fase in sy lewe aan. Hy skryf aan die Galasiërs dat God hom "geroep"

het “sodat hy die evangelie oor Hom onder die heidennasies sou verkondig” (vs 15,16). Hy het dadelik, ná sy Damaskuspad-bekering, geweet dat God ’n plan met sy lewe het. Dit het die Here ook al aan Ananias gesê (Hand 9:15) toe Hy hom gestuur het om vir Paulus te gaan bid sodat hy weer kon sien: “Ek het hom gekies as my werktuig om my Naam uit te dra onder die heidennasies en hulle konings en ook onder Israel.”

En tog gaan Paulus nie dadelik op ’n sendingreis nie. Hy gaan selfs nie eers na Jerusalem, waar al die apostels destyds gewoon het, om sy werk met hulle uit te klaar sodat hy aan die gang kan kom nie. Nee, hy gaan na die Arabiese woestyn, en toe terug na Damaskus, en eers drie jaar later Jerusalem toe.

Was dit omdat hy voete gesleep het? Nee, dis nie hoe ons Paulus ken nie. Hy was ’n man van die daad. Wat hy in Arabië gaan maak het, was om te gaan stil word met die vraag: Hoe wil die Here Jesus my gebruik? Paulus skryf hierdie dinge vir ons sodat ons dit goed moet verstaan dat hy sy roeping en boodskap by Jesus self gekry het (vers 11,12). Hy het ná sy bekering tyd gemaak om by God te hoor wat hom te doen staan. Hy het stil geword voor God, sodat sy werk in die koninkryk volgens God se leiding kon verloop.

Paulus het verstaan dat hy nie God se werk goed sal kan doen as hy nie goed weet wat hy moet doen nie. Hy moes eers helderheid oor sy roeping kry. En daarvoor het hy drie jaar opsy gesit.

Dit bring ons by die vraag: Wat van jou? Weet jy wat is God se plan met jou lewe? Het jy al klarigheid oor wat jou persoonlike roeping is? Dís nie ’n vraag wat ’n mens sommer uit die vuis kan antwoord nie. Dis ook nie iets wat jy oornag kan uitpluis nie. Dis iets wat jy biddend by God moet hoor. Hý is immers die Een wat jou roep en stuur. Dis sý koninkryk waarin jy moet leef en werk.

Hoe kom jy dan by ’n antwoord uit?

Paulus kan ons hiermee help. Hy het tyd gevat om seker te maak hy hoor God baie goed en helder. Drie jaar lank het hy oor hierdie vrae gebid en geworstel. Hy sê ongelukkig nie vir ons waaroor hy alles in dié drie jaar gedink en gebid het nie, maar ek glo ons kan met sekerheid sê dat twee sake baie groot in sy gemoed was in dié tyd:

- Hy moes klarigheid kry oor God self, en veral oor die Here Jesus Christus,

en hoe Jesus inpas in wat hy van God geweet het en geglo het. Hy moes met God praat oor sy eie verstaan van die Bybel (vir hom die Ou Testament), het duidelikheid kry oor Wie Jesus is. Want voor jy kan hoor wat God se plan met jou is, moet jy eers by God uitkom.

Liewe broer en suster, hoeveel tyd maak jy om God beter te leer ken? Om in sy teenwoordigheid stil te word? Om sy Woord in te drink? Want eers as jy by God self uitkom, gaan jy nader aan 'n antwoord kom oor wat jou plek in sy groot plan vir die wêreld is. Hoorsê is nie goed genoeg nie. Om God net van sien te ken, gaan nie werk nie. Jy moet naby aan Hom leef, en sy Woord in jou hart bêre, as jy wil uitvind waarheen Hy met jou op pad is.

- Dan, as jy God se hart leer ken, kan jy by die vraag uitkom: Wat van my? Hoekom is ek hier? Wat is my doel op aarde? Wat verwag God moet ek doen?

Hierdie is vrae waarop jy nie oornag 'n antwoord moet verwag nie. Jy moenie dink dat jy vanaand huis toe kan gaan en met God oor sy plan vir jou en oor jou roeping kan gaan bid, en môre sal jy alles glashelder weet nie. En jy moet ook nie dink dis een van daardie goed wat 'n mens iewers in jou lewe doen, en dan is dit klaar nie. Dis 'n vraag waarmee jy jou hele lewe lank besig moet bly. Maar as jy in hierdie week elke dag met God besig bly, en Hom kans gee om met jou te werk, gaan jy al 'n ent nader aan die antwoord wees.

Natuurlik kan en moet jy die insigte wat jy by die Here kry, met ander toets. Paulus is ná drie jaar Jerusalem toe, waar hy met Petrus en Jakobus oor hierdie dinge gaan praat en bid het. Ek het 'n idee ons maak nie genoeg erns daarmee om met iemand anders oor ons roeping te praat en te bid nie. Ons het mekaar nodig.

Ek weet nie waar jy vanaand met die Here staan nie. Ek is seker daar is vanaand van julle wat al baie lank met die Here 'n pad loop en by Hom duidelikheid gekry het oor wat jou doel in die lewe is. Maar ek weet ook dat daar vanaand van ons is wat nog nie mooi weet waarheen die Here met jou op pad is nie. Daarom wil ek nou geleentheid gee vir stil gebed, dat jy met die Here kan praat oor jouself en jou doel op aarde. As jy dit al dikwels gedoen het, dank Hom vir die leiding in jou lewe. En as jy nog nie duidelikheid het nie, vra dat Hy jou help.

Gal 1:4,23 Deur God verlos om 'n nuwe mens te wees

Iewers, diep binne-in elke mens, skuil daar die wete dat die lewe méér is as dit wat ons elke dag sien en beleef. Dat daar Iemand groter is as onself: God. En dat daar iets met ons moet gebeur as ons by Hom wil uitkom. Dat ons nie maar net rustig kan lewe soos ons wil en dink ons sal by God kan uitkom nie. Nee, ons voel almal aan dat ons moet verander. Dat ons nie is wat ons behoort te wees nie. Want ons lewe in 'n wêreld, ons is deel van 'n bestel wat nie is wat dit veronderstel is om te wees nie. En baie gou al verduidelik die Bybel vir ons wat verkeerd is. Gen 1-3 leer vir ons dat God alles - ons ook - baie goed gemaak het, maar dat die sonde hierdie wonderlike wêreld, en ons daarmee saam, verwoes het. En ons kan maar net om ons kyk elke dag om te sien dat die wêreld gaandeweg al boser word. En ons ontdek telkens in onself ook iets van hierdie boosheid sit.

Die groot vraag is nou: Wat moet ons daaraan doen? Hoe kan ons loskom uit hierdie boosheid? Ons sien deesdae op TV verskillende hoe antwoorde op hierdie vraag gegee word: Daar is die Moslems, die Hindoe's, die Jode, die tradisionele Afrika-godsdiens - almal gee 'n antwoord, of liever, almal probeer 'n antwoord gee op die vraag: hoe kom ek los uit hierdie bese wêreld.

Die evangelie van Jesus Christus gee hierin vir ons 'n antwoord; dié antwoord. Maar van die begin af was mense wat 'n ander antwoord as die evangelie wil gee. Daar is mense wat die evangelie verskraal tot: You must be nice to people, en daarmee die verlossingswerk van Jesus ignoreer. Maar daar word ook na die ander kant toe bygevoeg by die evangelie. In Paulus se dae in Galasië was daar ook mense in die kerk wat 'n ander antwoord gegee het as wat Paulus geleer het.

En nou sê Paulus hier vir ons: ons moenie dink as jy so ietsie hier en daar aanlas by die evangelie, dat jy nog met die evangelie van Jesus Christus besig is nie. Dít is wat die mense in Galasië probeer het: hulle het gesê Christus se verlossing is

nie genoeg nie, jy moet jou ook nog besny en die Joodse wette nakom. Vandag is daar weer mense in die kerk wat sê: Christus is genoeg, ja, mits jy jou ook nog groot laat doop. En jy moet in tale kan spreek. En jy moet 'n wedergebore Christen wees wat 'n datum het waarop jy tot bekering gekom het. Paulus sê kort en klaar: daarmee is jy weg van die evangelie, weg van die goeie boodskap dat Christus, en Hy alleen, vir ons verlos het.

Nee, daar is net één manier: Jesus Christus het Homself vir ons sondes gegee om ons te verlos uit hierdie goddelose wêreld (vs 4). Ons kan hierdie vers ook só vertaal: Jesus Christus het Homself vir ons **sondigheid** gegee om ons te verlos uit hierdie sondige wêreld. Hy het nie net gesterf om ons te verlos van ons **sondeskuld** nie, maar ook van ons **geneigdheid om sonde te doen!** Hy het ons nuwe mense gemaak! Hy het ons verander, nuutgemaak, oorgemaak. Daarvoor het Hy Homself gegee, het Hy kom sterf op Golgota. Om ons nuut te maak.

Dit is die versugting van die hele mensdom - om anders te word, omdat die mens ontdek hy is nie wat hy behoort te wees nie. Die heerlike evangelie is: daar is werklik 'n uitweg! Ons kán verander. Nie deur allerhande dinge wat ons moet doen nie. Nie deur harde inspanning nie. Deur aan Jesus Christus vas te hou!

Kom ek sê dit nog 'n keer:

Die oorwinning oor die bose en die boosheid in ons eie lewens lê nie by meer inspanning nie. Dit lê by Jesus Christus, by sy kruis op Golgota. Hy het Homself vir ons sondigheid gegee om ons te verlos ...

Die kruis van Jesus Christus verlos ons nie net, sodat ons 'n plek in die hemel kan hê nie. Sy verlossing maak ons lewens anders. Dit vernuwe my mens-wees. Na die mate wat ek aan Christus vasklou, na dié mate word ek nuut, word my lewe verander.

Iets daarvan wil Paulus vir ons illustreer met sy eie lewensverhaal. Hoe hard het hy nie probeer om God te dien nie! Hoe hard het hy nie geywer om los te kom uit sy sondigheid nie! Meer as ons almal hier. Hy skryf self in vs 14: "In die Joodse leer het ek onder my volksgenote bo baie van my leeftyd uitgestyg, want ek was 'n fanatieke yweraar vir die oorgelewerde leer van my voorvaders." En dan ontmoet hy Jesus Christus op die Damaskuspad, en sy hele lewe verander, sodat die gerug versprei (vs 23): "Die man deur wie ons vroeër vervolgd is, verkondig nou die

geloof wat hy destyds probeer uitroei het.” Paulus wat hard probeer het om te verander? Nee. Jesus Christus het hom verander, ‘n nuwe mens van hom gemaak.

Broer en suster, liewe jongmens: Is u al verlos van u sondigheid? Ek vra nie of u al u sondes bely het en om vergifnis gevra het nie. Ek vra of u Christus al omhels het as Verlosser, nie net van u sondes nie, maar van u sondigheid. Van u sondige geneigdheid, u sondige gerigtheid. Hoe nader ons aan Christus leef, hoe stywer ons aan Hom vashou, hoe inniger ons aan Hom verbonde lewe, hoe meer en meer word ons verlos van onself, word ons verander, word ons nuut, word dit Pinkster in ons lewe. Want hiervoor het die Heilige Gees tog gekom: Dat Christus verheerlik word in ons lewens!

Kom ons hierdie Pinkster, kom ons bid elke dag dat die Heilige Gees ons al vaster en vaster aan Christus mag bind, sodat ons al meer verlos kan word van ons sondigheid, sodat Hy ons nuut kan maak, Jesus-mense kan maak!

Amen.